Maandag 14 November
Skrifgedeelte: Openbaring 19:5-10
Fokusgedeelte: Openbaring 19:10

Ons en die engele getuig van Christus!

Ná die finale val en vernietiging van al God en sy kinders se vyande, breek daar nie net ’n oorwinningsfees in die hemele uit nie, maar ook ’n bruilofsfees. Vanaf voor die skepping het God die bruid van sy Seun, al die uitverkorenes oor al die eeue, begin voorberei vir hierdie hoogtepunt-oomblik in tyd en ewigheid. Almal, elke verloste oorwinnaar en elke engel, word opgeroep om God te loof.

As die grootsheid van die oomblik die apostel Johannes oorweldig, val hy weer in aanbidding neer, maar dié keer voor ’n engel. As die engel hom verhinder om hom te aanbid, wys hy die apostel daarop dat die engele, net soos God se uitverkorenes, diensknegte van Christus is! Die engele, soos elke gelowige, is getuies van Jesus Christus. Deur die eeue het God die Heilige Gees een boodskap. Hy was die Dryfkrag agter elke Bybelskrywer. Hy het die wedergeboorte in die hart van elke uitverkorene gevonk. Hy is werksaam in elke engel, tog stoot Hy Homself nie op die voorgrond nie, maar wel vir Christus! Oomblikke voor sy hemelvaart het Jesus gesê: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle moet my getuies wees” (Hand. 1:8).

Al die engele staan ook onder opdrag van God om ons hierin by te staan. Terwyl ons nog in hierdie bedeling deel van die strydende kerk is, is ons beskermers en draers van God se goeie nuus in Christus. Hiermee hou ons vol totdat die bruilofsmaal van die Lam volmaak aanbreek.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)